GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE-OOS

Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI), No. 4 van 2013

1. Ek, gemeentelid van GKBO en datalid hieronder genoem, gee hiermee my uitdruklike toestemming en stem vrywillig in dat Gereformeerde Kerk Bellville-Oos (hierna 'GKBO' genoem) die volgende persoonlike inligting wat deur my verskaf is, mag verwerk:

A. Naam
B. Telefoonnommer
C. e-posadres
D. Fisiese adres
E. Identiteitsnommer

2. Verwerking sal die ontvangs, optekening, organisering, versameling, berging, opdatering of wysiging, herwinning, konsultasie en gebruik insluit; die verspreiding deur middel van oordrag, verspreiding of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samevoeging, koppeling sowel as blokkering, uitvee of vernietiging van inligting, soos beskryf deur POPI.

3. Ingevolge POPI sal lede wie se persoonlike inligting deur GKBO verwerk word, na verwys word as 'datalede'.

4. Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly tot sodanige toestemming uitdruklik teruggetrek word.

5. Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word as dit voldoende, relevant en nie buitensporig is nie, gegewe die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking in ooreenstemming met die relevante bepalings van POPI plaasvind. Die doel van die verwerking van inligting moet verband hou met 'n kerk verwante funksie of aktiwiteit van GKBO en/of binne die bestek val waarvoor die persoonlike inligting verskaf is.

_____

PARAFEER

6. GKBO sal slegs persoonlike inligting insamel en verwerk met betrekking tot die behoorlike funksionering en bestuur van sy kerkaktiwiteite.

7. Die inligting wat ingesamel word, sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word en sal slegs vir daardie doel verwerk word.

8. GKBO erken dat persoonlike inligting slegs ingevolge POPI verwerk mag word indien:

8.1 Die datalid, of 'n bevoegde persoon, waar die datalid minderjarig is, toestem tot die verwerking;

8.2. Verwerking nodig is om aksies uit te voer vir die sluiting of uitvoering van 'n kontrak waartoe die datalid 'n party is;

8.3. Verwerking voldoen aan 'n verpligting wat deur die wet opgelê word;

8.4. Verwerking beskerm 'n wettige belang van die datalid;

8.5. Verwerking nodig is vir die uitvoering van 'n publieke plig

8.6 Verwerking nodig is om die wettige belange van die kerk na te streef.

9. 'n Datalid het die volgende regte ingevolge hierdie toestemming:

9.1. Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word en wanneer GKBO dit sal openbaar.

_____

PARAFEER

9.2. Die reg om hul besonderhede reg te stel. GKBO sal poog om inligting op datum te hou. Indien enige besonderhede van 'n datalid verander, moet die kerk in kennis gestel word om te verseker dat alle rekords so akkuraat as moontlik is.

9.3. Die reg om toestemming te herroep. Datalede kan enige tyd die toestemming wat ingevolge hierdie vorm gegee is, herroep. Dit moet skriftelik gedoen word en gerig word aan die inligtingsbeampte van GKBO. Herroepe toestemming is nie terugwerkend nie en sal geen vorige of huidige gebruik van inligting beïnvloed nie.

9.4. Al die voormelde inligting is vervat in GKBO se beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en sy privaatheidsbeleid, laasgenoemde is beskikbaar op die GKBO webtuiste, en albei is beskikbaar by GKBO Hoofkantoor.

10. Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang:

Deur in te stem tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm, stem die datalid uitdruklik in tot die verwerking van hul inligting vir bemarkings doeleindes. Datalid moet verstaan dat deur in te stem, hulle bemarkingsmateriaal relevant tot GKBO in die vorm van SMS'e, WhatsApp-boodskappe, e-posse, telefoonoproepe ens. vanaf GKBO kan ontvang.

11. Toestemming om persoonlike inligting op uitsaaiplatforms beskikbaar te stel:

Deur in te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, stem jy uitdruklik in dat jou persoonlike inligting in uitsendings gebruik word, insluitend in die vorm van video-opnames vir 'n program wat met die kerk verband hou, asook enige deelname aan enige kerk geleentheid op 'n televisiestasie of ander vorm van transmissie of uitsaai platform insluitend die internet of toepassings, insluitend die regstreekse uitsending van sulke geleenthede.

_____

PARAFEER

12. Toestemming om bygevoeg te word op GKBO se WhatsApp-groepe:

Deur in te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, stem jy uitdruklik in om by GKBO WhatsApp-groepe gevoeg te word waar nodig en van toepassing, uitsluitlik verwant aan GKBO Kerk-aktiwiteite insluitend relevante kleingroepe wat deur GKBO Kerk-personeel en Kleingroepleiers geadministreer word.

13. Ek het die bogenoemde gelees en verstaan en my antwoord is die volgende:
(Maak asb. 'n kruisie in die sirkel wat op u van toepassing is)

○ Ja. Ek stem saam met die POPI-nakoming en stem in dat GKBO my persoonlike inligting, en waar van toepassing, my minderjarige kinders of kinders in my sorg se inligting, op kerk verwante databasisse stoor, vir my kerk verwante kommunikasie stuur en my persoonlike inligting gebruik om my by kerk verwante Whatsapp-groepe te voeg.

○ Nee. Ek stem nie saam nie. GKBO moet al my persoonlike inligting van hul kerk verwante databasisse verwyder en nie meer enige kommunikasie aan my stuur nie

NAAM EN VAN:_____

ID NOMMER/ GEBOORTE DATUM: _____

EPOS ADRES: _____

NOMMER: _____

ADRES: _____

_____

MINDER JARIGE KINDERS SE INLIGTING (TREK DEUR WAAR NIE VAN TOEPASSING):

1. **NAAM EN VAN:** _____

GEBOORTE DATUM/ ID: _____

_____
PARAFEER

2. **NAAM EN VAN:**_____

   GEBOORTE DATUM / ID: _____

3. **NAAM EN VAN:**_____

   GEBOORTE DATUM / ID: _____

4. **NAAM EN VAN:**_____

   GEBOORTE DATUM / ID: _____

5. **NAAM EN VAN:**_____

   GEBOORTE DATUM / ID: _____

_____

HANDTEKENING